Die Wensknoop

Storie deur:

Sanette Smit

Geillustreer deur:

Antoinette Smit

Die wensknoop:

Deur

Sanette Smit

Met

Illustrasies deur

Antoinette Smit

Die tienjarige Petrus stap stadig huis toe. Sy donker hare blink in die son, maar sy skouers hang en sy donker oë lyk ongelukkig. Hoe nader hy aan die huis kom, hoe stadiger stap hy. Hy weet as sy ma hom sien, gaan hy weer raas kry. Sy nuwe hemp se knoop is al weer afgeskeur. Hy kon dit nie help nie. Daardie nuwe kind, Willie, kom ruk hom elke dag rond om sy kos te vat pouses. Hy het al probeer wegkruip, maar Willie kry hom elke keer.

Petrus wil nie vir Meneer sê nie, want dan gaan Willie hom slaan en sy maats gaan hom "Ou Klikbek" noem. Sy ma dreig juis dat sy skool toe sal gaan en self vir Willie regsien. Dit is nog erger, want dan gaan almal hom spot en sê sy ma moet hom help omdat hy te pieperig is. Nee, dit sal nie werk nie! Wat kan hy tog doen?

Skielik sien Petrus iets blink op die sypaadjie. Hy buk en tel dit op.
Teleurgesteld sien hy dat dit net ’n knoop is. Eers wil hy die knoop weer neergooi, maar dan dink hy dat hy dit miskien self aan sy hemp kan vaswerk as sy ma dalk nie die hemp sien nie. Hy hou die knoop styf in sy hand vas.

Toe Petrus by die hekkie van hulle huis kom, sien hy sy ma staan op die stoep en wag vir hom.

"Ag nee," dink hy, "nou gaan sy dadelik die stukkende hemp sien!"

Hy wens sommer die telefoon wil lui, of iets, dat sy kan ingaan en hom nie sien nie. Die volgende oomblik sien hy sy ma draai om en gaan in die huis in en toe hy nader stap, hoor hy hoe die foon binne lui.

"Dis fantasties!" dink Petrus. "Hoe het dit gebeur? Net toe ek dit wens, toe gebeur dit."

Hy stap vinnig kamer toe en sit sy tas voor die bed neer. Hy wil net begin om gou die hemp uit te trek, toe hy hoor hoe sy ma in die gang afkom. Sonder om regtig te dink, wens hy dat die hemp nie stukkend was nie, maar net toe kom sy ma by die kamer in.

“En toe? As jy vandag so vinnig al jou skoolklere uittrek? Moet net nie vir my sê daardie Willie-knaap het al weer jou knoop afgeruk nie?”

En sy ma tel die hemp op om te kyk.

“Nou toe nou!” sê sy ma. “Alles nog heel. En jy trek so fluks uit, ek is regtig bly om te sien dat daar nie weer probleme was nie. Anders was ek van plan om sommer môre na julle skoolhoof toe te gaan. As jy klaar is, kom eet gou, jou kos is gereed.”

Sy ma draai om en loop uit.

Petrus staan vir ’n paar oomblikke stil van ver-
basing. Hoe op dees aarde is dit moontlik dat
sy ma nie die afgeskeurde knoop gesien het
nie? Hy tel die hemp op en kyk. Dis onmoont-
lik! Die knope is almal aan en daar is geen fout
met sy hemp nie. Maar hoe? Hy het dan met
die stukkende hemp van die skool af geloop!

En nou makeer dit niks! Hier is iets baie vreemds aan die gang. Dan besef Petrus dat hy nog die blink knoop wat hy opgetel het, vashou. Hy sit dit op die kassie langs sy bed neer en draai om. Skielik dink hy dat elke keer wat hy iets gewens het, dit waar geword het vandat hy die knoop opgetel het. Dit kan nie wees nie! Dis dan net ’n doodgewone knoop! Maar hy besluit om dit tog te toets. Hy tel weer die knoop op en dink aan iets waarvoor hy kan wens.

Toe Petrus in die kombuis kom, sê sy ma: “Ag seun, dit was vandag so warm dat ek nie lus gehad het om te kook nie. Ek het vir ons lekker toebroodjies en vrugteslaai gemaak. Kom ons gaan sit in die tuin onder die boom, dan hou ons sommer piek-niek.”

“Dis onmoontlik!” dink Petrus.

So iets het nog nooit tevore gebeur nie. Hy moet seker maak. Hy hou die knoop styf vas en wens sommer vir ’n roomys. Dit sal beslis nie gebeur nie.

"O ja," sê sy ma, "na ons klaar die toe-
broodjies en vrugteslaai geëet het, moet jy
asseblief vir ons die roomys in die vrieskas
bring, dan eet ons nagereg ook. Ek het juis
vanoggend jou gunsteling roomys gekoop.
Dis so 'n heerlike warm dag, ek het gedink
jy sal dit geniet."

Petrus is baie opgewonde! Dit moet die knoop wees. Hy kan aan niks anders dink wat al hierdie dinge kon laat gebeur nie. Hy sal hierdie knoop baie mooi moet oppas. Daardie dag word vir Petrus ’n baie lekker dag. Hy wens dat sy huiswerk klaar is en sowaar, toe hy in sy boeke kyk, is alles gedoen. Hy wens hy kry ’n groot sjokolade en sowaar, toe sy pa van die werk af kom, bring hy vir Petrus sy gunsteling sjokolade saam.

Daardie aand lê Petrus in sy bed en sit die knoop versigtig op die bedkassie langs hom neer. Miskien moet hy môre wens dat Willie hom nie weer boelie nie, dink hy voordat hy aan die slaap raak.

Die volgende oggend is Petrus besonder opgeruimd voordat hy skool toe gaan en sy ma kan nie verstaan hoekom nie, want hy is deesdae glad nie lus om te gaan nie. Sy weet daar is probleme met die nuwe seun in hulle klas, maar sy is baie bly dat Petrus vanoggend amper weer so gelukkig soos voorheen lyk.

Toe Petrus by die skool kom, hou hy die knoop styf in sy sak en wens hard dat Willie nie daar naby is nie. Hy sien nêrens vir Willie nie. Die dag by die skool verloop heel glad, maar Petrus begin ’n bietjie benoud voel net voor pouse. Sê nou maar net die knoop se wense het opgeraak en Willie gryp weer sy kos en skeur sy knope af? Petrus skrik. Hy het nooit daaraan gedink dat die wense dalk kan opraak nie! Hoeveel wense sal hy hê wat kan waar word? Hy sal versigtiger moet wees met sy wense en nie alles dadelik opgebruik nie.

Pouse breek aan en Petrus sorg dat die wensknoop in sy broek se sak is. Hy vou sy hand styf om die knoop toe hy vir Willie sien aankom en wens dat Willie tog nie moet kom moeilikheid soek nie. Willie kom egter na hom aangestap, maar op die laaste oomblik brom hy: “Ek is tog nie vandag lus vir jou simpel ou toebroodjies nie” en hy stap verby. Petrus sug saggies van verligting. Selfs sy maats weet nie waarom Willie vandag wegstap nie. Eintlik is hulle ook maar bly, want hulle het vir Petrus jammer gekry, maar is te bang om vir Willie te probeer keer. Hy is heelwat groter en sterker as hulle.

Dit word vir Petrus een van die lekkerste dae van sy lewe. Hy kry alles wat hy graag wil hê en wens een lekker ding na die ander. Hy vergeet skoon dat die wense dalk mag opraak.

Na skool trek hy vinnig uit en soos hy gewens het, is sy huiswerk sommer tjoef-tjaf klaar en sy ma laat hom selfs toe om in die week te gaan speel by een van sy maats. Die aand nadat hy gebad het en in die bed klim, kom sy ma hom nagsê. Sy sien skielik die knoop op die kassie langs sy bed.

"Ag nee, watse ou knoop lê nou hier?" vra sy. En voordat Petrus iets kan sê, tel sy die knoop op en gooi dit by die venster uit! "Jy moenie enige goed optel nie, Petrus, dit kan vol kieme wees en jou siek maak," raas sy. Petrus lê doodstil van skrik in die bed toe sy ma uitgaan. "Wat gaan ek nou doen?" wonder hy benoud.



Petrus begin sommer huil en raak naderhand aan die slaap.

Vroeg die volgende oggend is Petrus wakker en staan saggies op. Hy gaan na die tuin en begin oral voor sy kamervenster soek na die knoop.
"Waar kan dit tog wees?" wonder hy.
Hy soek en soek, maar kry die knoop nêrens. Naderhand hoor hy sy ma roep.
"Petrus! Waar is jy? Jy moet kom eet!"
Sleepvoet stap hy kombuis toe en peusel net 'n bietjie aan sy pap. Sy ma kan nie verstaan hoekom hy nie eintlik eet nie. Dalk is hy siek! Sy voel aan sy voorkop, maar hy voel nie koorsig nie. Sy besluit om hom maar vanmiddag dokter toe te neem as hy nie beter lyk nie.

Petrus loop stadig skool toe. Alle lekker is vir hom weg, want hy weet dat alles van vandag af weer soos tevore sal wees: Willie gaan sy brood gryp en sy hemp se knope afruk en as hy by die huis kom, kry hy raas.

Petrus voel baie ongelukkig.

Maar toe hulle in die klas kom, sien hy nie vir Willie nie. Vir ’n oomblik voel hy effens beter, maar besef toe dat Willie seker laat is vandag, of dalk siek. Ten minste sal hierdie een dag darem ook nie te sleg wees nie, dink hy.

Later die dag stap die skoolhoof by hulle klas in en praat saggies met die onderwyser. Toe die skoolhoof uit is, sê die onderwyser: “Kinders, Meneer Schutte sê nou vir my dat Willie nie weer terugkom nie. Sy pa is gistermiddag tronk toe omdat hy vir Willie en sy ma geslaan het. Willie en sy ma het dadelik hulle goed ingepak en is na sy oupa en ouma toe om daar te bly.”

Nou verstaan Petrus hoekom Willie so ’n boelie was: dis wat sy pa met hulle gedoen het!

Arme Willie.


Toe Petrus terugstap huis toe na skool, glimlag hy by homself:
"Nou het ek nie meer die wensknoop nodig nie. Ek sal self regkom."
"'n Mens kan in elk geval nie net alles lekker hê nie, maar ek wens darem ek kon weer die knoop optel. Ek sou dit vir Willie gegee het. Hy sal dit nou goed kan gebruik."

Terug by die huis, sug Petrus se ma verlig. Haar seuntjie lyk weer na sy ou self. Dit lyk nie of hy siek is nie. Sy was juis bang hy het dalk ’n kiem gekry van daardie ou knoop wat hy opgetel het. Sy moet tog weer met die kind praat dat hy nie enige ding langs die pad optel nie! Maar sy sal maar later.

Kyk dan net hoe gelukkig lyk hy!

Die einde

Hierdie storietjie word gratis versprei deur www.familysupport.co.za.

© Sanette en Antoinette Smit

Jy mag hierdie storie gerus in sy huidige, elektroniese vorm deel met ander, maar geen veranderinge van enige aard mag gemaak word nie. Besoek gerus van tyd tot tyd www.familysupport.co.za vir nog gratis eboeke in Afrikaans en Engels.